Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Kruiskerk Preekreeks: Wat glo ons? Geloofsbelydenis van 'n "Vakleerling"

Tema 1: Ek glo...?

The precise understanding of the term "faith" differs among the various Christian traditions. Despite these differences, Christians generally agree that faith in Jesus lies at the core of the Christian tradition, and that such faith is required in order to be a Christian. The Christian tradition is sometimes called "the faith", since faith in Jesus is so central to the tradition. Faith and the word "belief" are often treated synonymously, which has led to Christians being called 'believers'. However, faith in Jesus is generally considered to encompass more than only mental belief. (Wp)

Faith in Christianity is based in and on the work and teachings of Jesus Christ. In this way Christianity declares not to be distinguished by its faith, but by the object of its faith. Faith is an act of trust or reliance. Rather than being passive, faith leads to an active life aligned with the ideals and the example of the one being trusted. It sees the mystery of God and his grace and seeks to know and become obedient to God. To a Christian; faith is not static but causes one to learn more of God and grow; it has its origin in God.
In Christianity faith causes change as it seeks a greater understanding of God. Faith is not fideism or simple obedience to a set of rules or statements. Before the Christian has faith, they must understand in whom and in what they have faith. Without understanding, there cannot be true faith and that understanding is built on the foundation of the community of believers, the scriptures and traditions and on the personal experiences of the believer. In English translations of the New Testament, the word faith generally corresponds to the Greek noun πίστις (*pistis*) or the Greek verb πιστεύω (*pisteuo*), meaning "to trust, to have confidence, faithfulness, to be reliable, to assure". (Wp)

There are two types of men, those who are afraid to lose God, and those who are afraid that they might find Him…

~ Blaise Pascal (Philosopher and Scientist)

"In view of such harmony in the cosmos which I, with my limited human mind, am able to recognize, there are yet people who say there is no God. But what really makes me angry is that they quote me for the support of such views."
"I'm not an atheist and I don't think I can call myself a pantheist. We are in the position of a little child entering a huge library filled with books in many languages. The child knows someone must have written those books. It does not know how. It does not understand the languages in which they are written. The child dimly suspects a mysterious order in the arrangements of the books, but doesn't know what it is. That, it seems to me, is the attitude of even the most intelligent human being toward God." (Albert Einstein)

"To what extent are you influenced by Christianity?"
"As a child I received instruction both in the Bible and in the Talmud. I am a Jew, but I am enthralled by the luminous figure of the Nazarene."
"Have you read Emil Ludwig's book on Jesus?"
"Emil Ludwig's Jesus is shallow. Jesus is too colossal for the pen of phrasemongers, however artful. No man can dispose of Christianity with a bon mot!"
"You accept the historical existence of Jesus?"
"Unquestionably! No one can read the Gospels without feeling the actual presence of Jesus. His personality pulsates in every word. No myth is filled with such life." (Albert Einstein in 'n onderhoud in 1929 met *Saturday Evening Post*)

Lesing 1: Eksodus 3:1-15 (1953)

1 EN Moses het die kleinvee opgepas van sy
skoonvader Jetro, die priester van Mídian. En toe hy die
kleinvee agter die woestyn gedryf het, kom hy by die
berg van God, by Horeb.
2 Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom in 'n
vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand
die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie
verteer nie!
3 En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot
verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand
nie.
4 Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep
God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En
hy antwoord: Hier is ek.
5 En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van
jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige
grond.
6 Verder sê Hy: Ek is die God van jou vader, die God van
Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Toe
het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees
om God aan te sien.
7 En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van
my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte
oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte.
8 Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van
die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit
daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat
oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die
Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en
Hewiete en Jebusiete.
9 En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van
Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking
gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk.
10 Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur;
en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.
11 Maar Moses het tot God gespreek: Wie is ek, dat ek
na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit
Egipte sou lei?
12 En Hy antwoord: Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou
'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit
Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien.
13 Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by
die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van
julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra:
Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord?
14 En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy:
So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het

my na julle gestuur.
15 Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.

Lesing 2: Hebreërs 11:1 en Hebreërs 12:1-2 (1953)

1 DIE geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

1 DAAROM dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,
2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Broodjies vir die Pad

Ons het elkeen 'n kruis om te dra en 'n pad om te loop. Dit is nie vir elkeen dieselfde nie. (AJHR)

American theologian Kathryn Tanner contributes timely insights when she writes: "Uniformity of belief in general is overrated as a requirement for social stability, according to postmodern culture." "Far from threatening the stability of the Christian way of life, the fact that Christians do not agree on interpretation of matters of common concern is the very thing that enables social solidarity among them." The church should encourage itself to have "a genuine community of argument, one marked by mutualcommitment to mutual correction and uplift, in keeping with the shared hope of good discipleship, proper faithfulness, and purity of witness. This is the sort of mutual admonition and concern that one finds in the letters of Paul." (Theories of Culture, pp 120-128)

In the biblical narratives, encountering God is befuddling, frightening, and irresistible. Each encounter leaves the poor individual with some impossible task that is scary and, at the same time, full of promise. It is always conveyed in the imperative; a demand. The only possible reaction is to accept or decline the demand. Acceptance always means personal risks. Declining entails the even greater risk of missing out on living an enlarged life with some more powerful purpose; to only see "human things" and miss "divine things."(SacraC)

Brood vir die Pad

Wilhelm Jordaan skryf oor Spiritualiteit...

Al hoe meer word gepraat en geskryf oor spiritualiteit as 'n erg verwaarloosde aspek van 'n mens se manier van wees in die wêreld.

Terselfdertyd is dit veral tradisiegerigte, godsdienstige mense wat bekommerd oor spiritualiteit is. Hulle glo vas, sonder om werklik te verreken waaroor spiritualiteit gaan, dat dit vyandig teenoor godsdiens is; jou geloof in God ontspoor en jou van die kerk vervreem. Dis van die duiwel, sê sommige.

Daar is inderdaad baie soorte spiritualiteit; dikwels buitekerklik van aard. Dit het nie noodwendig 'n godsdienstige inslag nie en baie mense verkies dit as plaasvervanger vir godsdiensbeoefening.

Tog is dit toenemend waar dat talle gelowiges en getroue kerkgangers 'n soort verstarring in hul godsdienstigheid ervaar. Hulle beleef dit as ritualisties, gegrond op moets en moenies wat jou goed en soet moet hou ter wille van jou paspoort hemel toe. Dit gryp nie die verbeelding aan nie; vul jou nie met 'n diep lewensblydskap nie; en maak nie werklik 'n verskil aan hoe jy lewe en hoe jy met die dinge van die wêreld omgaan nie.

Wat hulle ten diepste begeer, is 'n bietjie meer mistiek en verwondering; minder voorskrifgeloof en meer gesprek oor wat dit beteken om 'n gelowige mens te wees.

Die ironie is dat spiritualiteit (mistiek) 'n baie ou tradisie in die kerk is. Bekende kerkfigure soos Thomas Aquinas, Francis van Assisi en Meister Eckhart is voorbeelde van mistici.

Daar word ook gesê Jesus self was 'n mistikus en dat dit onder meer duidelik na vore kom in die "Evangelie van Thomas", wat nie deur die kerk erken word nie.

Soos in vers 70 waar Jesus sê: "As julle voortbring wat in julle is, sal dít wat julle voortbring julle red; as julle nie voortbring wat in julle is nie, sal dít wat julle nie voortbring nie julle vernietig."

Een uitleg is dat dié vers, saamgelees met sekere Bybelverse, verwys na kragte en vermoëns wat ín jou is, maar wat as't ware bedek word deur kerke se neiging tot muggiesiftery, manipulerende moralisering en dogmatiese wettiesheid. Deur so te leef, versuim jy om waarlik mens te wees.

'n Belangrike rede waarom die mistieke tradisie getaan het, was dat die georganiseerde kerk gereken het sekere mistieke praktyke bedreig die "goeie orde" en ondermyn die kerk se gesag en beheer oor mense. Wat beteken kerkmense kan dalk die eie spirituele ervaring belangriker ag as die onderskrywing van kerklike leerstellings.

Dieselfde soort agterdog bestaan vandag nog. Die herontwaking van mistiek is egter onstuitbaar. Toe die teoloog Karl Rahner (bekend om sy siening oor "anonieme Christenskap") op 'n keer gevra is hoe hy die toekoms van die Christendom sien, was sy antwoord: Of die mistiek, of niks.

Hedendaags preek predikante plek-plek vanuit 'n teologie van verwondering en ontvouende misterie. Dit is 'n belangrike voedingsbron van spirituele herontwaking in dié sin dat dit mense bewus kan maak van 'n onverkende en ongeleefde "kern" van hul mensheid.

Daarom praat mense wat iets van dié "kern" ervaar dikwels van buitengewone belewenisse: verligting, heling, blydskap, oorgawe aan liefde en deernis en 'n ervaring van eenheid met alles en 'n omhelsing van die ganse kosmos. Dit is dan, soos die skrywer James Joyce sê, dat die "siel van die allergewoonste dinge helder skitter".

Wat seker is, is dat die herontwaking van spiritualiteitsbehoeftes 'n enorme uitdaging aan die kerk rig – om in die prediking en in die pastoraat 'n veilige ruimte te skep waarbinne mense hul unieke vorm van spiritualiteit kan ontdek en uitleef.

Gebeur dit nie, sal dié behoefte elders en buitekerklik 'n tuiste vind. Of sielsverlammend stagneer.

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com
082 901 5877